SOUTH AFRICAN DIAMOND PRODUCERS ORGANISATION
SUID AFRIKAANSE DIAMANTPRODUSENTEORGANISASIE

NUUSBRIEF

02 / 2017

SADPO KONFERENSIE:

Die tyd raak min om te bevestig vir almal wat belangstel om die Konferensie by te woon. Die Sekretaris moet u voltooide Bevestiging van Bywoning teen **12 Maart 2017** ontvang. Hou asseblief in gedagte dat die bywoon van die Konferensie en die braai na die tyd GRATIS is. Vir u gerief word die Konferensie Kennisgewing en Bevestiging van Bywoning vorm weer hierby ingesluit.

Ons vra dat u regtig moeite sal doen om die Konferensie by te woon. Daar is verskeie Staatsamptenare van Nasionale en Provinsiale vlak wat teenwoordig gaan wees, en is dit ons geleentheid om ons kwessies te opper en oplossings te vind. Daar is ook verskeie ander belangrike inligting wat deurgegee gaan word.

Kom kuier saam met ons en sien waarmee ons besig is en wat SADPO se doelwitte vir die toekoms is!

INSPEKSIE VRAELYSTE:

Graag wil ons al ons Noord Wes lede bedank dat julle so getrou jul Inspeksie vraelyste voltooi en aan ons stuur. Ons het met daardie inligting statistieke opgestel en met die Hoof van Inspeksies, Noord Wes, Mnr Thabo Ngwenya 'n afspraak gehad om daardie statistieke te bespreek. Mnr Ngwenya het ons baie goed ontvang en wil selfs hierdie statistiek op 'n kwartaallikse basis ontvang om te monitor of daar 'n verbetering is. Ons moedig u dus aan om steeds hierdie vorms vir ons te stuur na elke inspeksie wat u ontvang het.

Ons doen ook weereens 'n beroep op ons Noord Kaap lede om u Inspeksie vraelyste te voltooi en aan ons te stuur. Ons sal graag dieselfe dienste vir u wil lewer, maar kan ons dit nie doen sonder u bystand en voltooide vorms nie. Vir u gerief word die Inspeksie vraelys hierby ingesluit.

Van links na regs: Amos Davids (NK), Lukas Steyn (NW), Marlene Potgieter (NDM), Gert van Niekerk (Voorsitter), Lynette Kruger (Sekretaris), Johan Keyser (NK), Anton Jacobs (NW), Rick Hattingh (NW), Pieter Keeve (Tesourier).

Afwesig: Ben van der Pos (NK), CS Diamonds, HF Cilliers (NK), Jaap van Heerden (Onder-Voorsitter), Mark Hunt (NK), Willie Marx (NW), Jannie Lombard (NW)

DAGBESTUUR SE BESOEK AAN LEDE:

Die Voorsitter en Sekretaris is steeds besig om lede by hul delwerye te besoek en moedig ons u aan om met ons kontak te maak sodat ons vir u kan kom kuier!!

TENDER DATUMS:

Hiermee die volgende 2 maande se tenderdatums vir u gerief:

27 – 30 Maart 2017
24 – 27 April 2017

DRA BY TOT ONS NUUSBRIEF!

Ons nooi u uit om enige nuus / gebeurtenis / inligting wat u voel ons lede by sal baat, aan die Sekretaris te stuur vir moontlike publikasie in die volgende nuusbrief.

KO-OPTERING VAN BLOEMHOF LID TOT NASIONALE KOMITEE:

Graag verwittig ons u ook dat Mnr Rick Hattingh geko-opteer is tot lid van die Nasionale Komitee, aangesien ons gevoel het dat die Bloemhof-area nie verteenwoordig is op die Komitee nie. Ons wens hom alle sterkte toe vir die toekoms en mag hy 'n aanwins vir SADPO en sy lede wees.

MINISTER VAN MINERALE HULPBRONNE, MNR ZWANE, SE TOESPRAAK TYDENS DIE MINING INDABA, KAAPSTAD:

Die volgende is 'n gedeelte van Minister Zwane se toespraak tydens die Mining Indaba:

"In our efforts to support investment in mining and beneficiation, we have a particular focus on the growth and promotion of small and medium sized enterprises. We are of the firm view that a new era of junior to mid-tier sized mines is upon us. The large mining giants of today had their genesis in the junior mining sector. We further believe that most job opportunities lie with small to medium companies, hence in 2017 we will be focusing on the Promotion of Investment, with a special focus on junior miners. We will continue to give them the support to enable them to thrive."

VEILIGHEID TYDENS WEERLIG:

Alhoewel ons almal dankbaar is vir die goeie reën die afgelope tyd, is ons seker u is ook gretig om weer aan die werk te spring. Ons wil graag die volgende wenke aan u deurgee sodat u en u werknemers veilig is wanneer daar weerlig in die omtrek is:

- 'n Persoon in 'n metaal voertuig moet nie aan enige metaal voorwerp in die voertuig raak wat na die buitekant van die voertuig gaan nie (byvoorbeeld stuurwiel, ratkas, deur- en venster handvatsels, ens). Daar word voorgestel dat die persoon die voertuig van die pad aftrek, die "hazards" moet aansit, die voertuig afskakel, hande op die skoot sit en wag tot die weerlig opgeklaar het.
- Swaar toerusting - stootskrapers, "loaders", skrapers, en ander swaar toerusting wat met "ROPS" toegerus is, is veilig in weerlig. Die bestuurder moet die voertuig afskakel, deure toemaak, met hande op skoot sit en wag tot die weerlig opgeklaar het.

Rubber bande verskaf geen isolasie / veiligheid tydens weerlig nie!

NASIONALE KOMITEELEDE: Gert van Niekerk (Voorsitter), Jaap van Heerden (Onder-Voorsitter), Pieter Keeve (Tesourier), HF Cilliers, Amos Davids, Rick Hattingh, Mark Hunt, Anton Jacobs, Johan Keyser, Jannie Lombard, Willie Marx, Lukas Steyn, Ben van der Pos
TENDERHUISE: CS Diamonds, NDM

Webtuiste: http://sadpo.co.za/ Lynette Kruger (Sekretaris) 071 8899 850
E-pos adres: info@sadpo.co.za Faks no: 086 663 5737

**Die pessimis kla oor die wind,
Die optimis verwag dit gaan verander;
Die realis verander sy seile.**